## INVITATION: SPECIAL EDITION OF THE *JOURNAL FOR CONTEMPORARY HISTORY*

In 2014, the outbreak of the First World War a hundred years ago will be commemorated. As is well-known, the government of General Louis Botha led the Union of South Africa to side with the Allied forces in the war against Germany. This led to the outbreak of an Afrikaner rebellion – a very controversial event in the history of South Africa. But this was not the only example of resistance in the history of twentieth-century South Africa: there were also the events at Bulhoek (1921), the Rand strike/revolt (1922), incidents of sabotage during the Second World War, and eventually the liberation struggle, with the Truth and Reconciliation Commission ultimately following in its wake.

In the light of the centenary of the outbreak of the First World War and the concomitant rebellion in South Africa, the Editorial Board of the *Journal for Contemporary History* has decided to publish a special edition of the *Journal* in December 2014, with the theme: "A century of resistance: rebellion, revolt and eventual attempts at reconciliation in South Africa in the course of the twentieth century". You are invited to submit an article in this regard to the Editorial Board. Deadline: 31$^{st}$ May 2014. All articles will undergo stringent evaluation by the Editorial Board, and then also by external reviewers. As far as the length of articles and technical matters, etc., are concerned, see the guidelines that apply to all *Journal* articles.

## UITNODIGING: SPESIALE UITGAWE VAN DIE *JOERNAAL VIR EIETYDSE GESKIEDENIS*

In 2014 word die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog 'n honderd jaar tevore herdenk. Soos algemeen bekend, het die regering van genl. Louis Botha die Unie van Suid-Afrika aan die kant van die Geallieerdes tot die stryd laat toetree. Hierdie besluit het tot die uitbreek van 'n Afrikanerrebellie gelei – 'n uiters omstrede gebeurtenis in die geskiedenis van Suid-Afrika. Maar dit was nie die enigste voorbeeld van verset in die geskiedenis van twintigste-eeuse Suid-Afrika nie: daar was ook die gebeure te Bulhoek (1921), die Randse staking/opstand (1922), sabotasie-voorvalle tydens die Tweede Wêreldoorlog, en uiteindelik die omvangryke bevrydingstryd, met die Suid-Afrikaanse Waarheids- en Versoeningskommissie na afloop daarvan.

Die redaksie van die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* het besluit om, na aanleiding van die honderdjarige herdenking van die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en die daarmee gepaardgaande rebellie in Suid-Afrika, in Desember 2014 'n spesiale uitgawe van die *Joernaal* die lig te laat sien met as tema "'n Eeu van verset: rebellie, opstand en uiteindelik pogings tot versoening in Suid-Afrika in die loop van die twintigste eeu". Belangstellendes word uitgenooi om artikels aan die redaksie voor te lê. Keerdatum: 31 Mei 2014. Alle artikels sal aan streng keuring deur die redaksie, en daarna ook deur eksterne keurders, onderwerp word. Wat die lengte van artikels, die tegniese versorging, ens. betref, raadpleeg die riglyne wat vir alle *Joernaal*-artikels geld.